Maandbrief

Julie 2009

Liewe gemeente

Die lewe is 'n "journey" en ons is almal betrokke by die reis. Ons almal se paaie verskil van mekaar, want elkeen het verskillende uitdagings en bakens op hierdie pad, maar die eindbestemming is dieselfde. God het die pad waarop jy reis self gemaak. Die lekkerte van die reis hang egter van jou af, hoe jy dit gaan aanpak.

God gee die middele om hierdie reis aan te pak. So 'n rukkie terug kyk ek 'n dokumentêre film met die naam van "The endless summer". Dit gaan oor hierdie twee jong mans wat om die wêreld reis agter die somer aan om die surf van hul lewe te kry. Maar om hierdie "journey" te kon onderneem moes hulle sekere goed hê, een is geld verseker, die regte toerusting en dan kontakte om by mense te bly en gidse om hulle die regte "spots" te wys waar hulle kon surf.

Ons is ook op 'n "endless summer" toer. Ons reis agter die Son van geregtigheid aan en Sy Naam is Jesus Christus.

Die uiteinde van die reis gaan afhang van 'n paar dinge wat ek graag wil noem:

1. Is jou reisplan uitgewerk om agter Hom aan te gaan.
2. Het jy die lus en die wil om dit te doen of doen jy net sekere goed in die kerk om jou gewete te stil. Mense het nie meer die nodige respek en vrees vir God om hul alles te gee nie, dit sluit tyd, moeite, geld en selfs liefde in.
3. Gaan jy die reis klaar maak. Al kom wat oor jou pad wat jou kan knie halter.

Mag jy 'n suksesvolle "journey" reisiger wees.

Ps: Ek wil net graag vir almal wat bydra en dingetjies doen vir die kerk, baie dankie sê. Dit gaan nie ongesiens verby nie. Dit is skoolvakansie hierdie maand, daarom wil ek vir elke kind die rus gun en mag hulle met nuwe ywer die nuwe kwartaal aanpak, maar omdat dit vakansie is moet asseblief nie by die huis bly en kerk nalaat nie.

Groete

Leon

Die mag van die dood.

Hierdie week sterf Micheal Jackson (1958 – 2009). Elke koerant, radio en televisie kanaal gee kommentaar. Die feit is, hy was die grootste popster, die waarheid word in Psalm 49: 16-18 vir ons gegee.

16. Maar God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk, want Hy sal my opneem.
17. Wees nie bevrees as `n man ryk word, as die rykdom van sy huis groot word nie;
18. want by sy dood sal hy van alles niks saamneem nie; sy heerlikheid sal nie neerdaal agter hom aan nie.

Volgens vers 2 is die Psalm vir alle bewoners van die wêreld.

Pastoor Fanie Scanlen.

I have found that there are three stages in every great work of God: first, it is impossible, then it is difficult, then it is done.

- Hudson Taylor.

Dancing With God

When I meditated on the word Guidance,
I kept seeing "dance" at the end of the word.
I remember reading that doing God's will is a lot like dancing.
When two people try to lead, nothing feels right.
The movement doesn't flow with the music,
and everything is quite uncomfortable and jerky.
When one person realizes that, and lets the other lead,
both bodies begin to flow with the music.
One gives gentle cues, perhaps with a nudge to the back
or by pressing lightly in one direction or another.
It's as if two become one body, moving beautifully.
The dance takes surrender, willingness,
and attentiveness from one person
and gentle guidance and skill from the other.

My eyes drew back to the word Guidance.
When I saw "G": I thought of God, followed by "u" and "i".
"God, "u" and "i" dance."
God, you, and I dance.
As I lowered my head, I became willing to trust
that I would get guidance about my life.
Once again, I became willing to let God lead.

My prayer for you today is that God's blessings
and mercies are upon you on this day and everyday.
May you abide in God, as God abides in you.
Dance together with God, trusting God to lead
and to guide you through each season of your life.

This prayer is powerful and there is nothing attached
If God has done anything for you in your life,
please share this message with someone else.
There is no cost but a lot of rewards;
so let's continue to pray for one another.

Dagboek:

Julie 2009

Sondag, 5 Julie Nagmaal

Sondag, 12 Julie Fliek aand

Fliek aand

Moet asb. nie ons Fliek aand misloop nie. Ons gaan "Fireproof" wys.

Verversings gaan te koop beskikbaar wees.

Dit gaan regtig 'n hoogtepunt op ons kalender wees en is nie iets om mis te loop nie.

BAIE BELANGRIK:
NOOI IEMAND SAAM.

Sondag, 12 Julie tydens die Aanddiens.



Onthou jou vriendin



Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844
072 782 7508
www.ags-ligenlewe.com
pastoorleon@telkomsa.net
Posbus 122, Brackenfell, 7561

AGS Lig & Lewe